Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

2 Februarie 2024 Uitgawe: 3/1/2024

# UIT DIE KANTOOR

Januarie is verby en die jaar is nou op spoed. As u na die kalender loer, sal u sien daar is heelwat dinge wat gelyktydig gebeur. Hou asb. die D6 kommunikeerder dop sodat u bewus kan wees van alle tersaaklike inligting.

**Ouerdatavorms en erekode:**

Elke kind het in die week die skool se erekode t.o.v. gedrag asook skoolreëls ontvang waartoe die leerders en die ouers hulself moet verbind. Dis belangrik dat u saam met u kind hierdie dokument sal deurgaan en asb. sal onderteken en dan sal terugstuur na u kind se registeronderwyser.

Soos by verlede week se ouerаand ook genoem, het u kind ook 'n ouerdatavorm ontvang waarop u asb. u inligting moet kontroleer en opdateer waar nodig.

Ons moet die databasis by die skool aanpas met die oog op die komende Beheerliggaamverkiesing. Alle vorms moet asb. teen Maandag, 5 Februarie, terugkom skool toe, ongeag of u persoonlike inligting verander het of nie. Indien daar geen veranderings is nie, kan u net op die vorm teken en dit terugstuur na u kind se registeronderwyser. Ek maak staat op u samewerking asb.

**Tjokkiekerkdiens:**

Baie dankie aan alle Tjokkies en hulle ouers wat die erediens bygewoon het. Die opkoms was baie goed en dit was baie spesiaal. Die leraars het ons skool, ouers en leerlinge opnuut opgedra aan die Here.

**Tjokkiebraai:**


Baie dankie aan alle ouers wat hierdie lekker kuiergeleentheid bygewoon het. Dit was ook lekker om net weer te kon ontspan en geselsies rondom die vure aan te knoop. Ek hoop u het sommer jarelange vriendskapsbande gesmee.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 1 Febr.: | 2025 Aansoeke open |
| 2 Febr.: | Tjokkies swemgala (Kovsies) |
| | SP Redenaarsopleiding |
| 3-4 Febr.: | IEC Registrasienaweek in saal |
| 5 Febr.: | Aansoek om korting sluit |
| | Gr.1 Inlywingsfunksie |
| | o/9 Krieketliga |
| 6 Febr.: | Atletiek Sone A Byeenkoms |
| | o/11 Krieketliga |
| | Ritmegroep oudisies vanaf 15h00. Oefeninge begin op 13 Febr. in die saal van 16h00 – 17h30 |
| 8 Febr.: | Klas- en individuele foto's (Betaling op Karri) |
| 8 Febr.: | o/13 Krieketliga |
| 9-10 Febr.: | Seniorkoor koorkamp (skool) |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 4 Febr.: | Juf. Carina Kriel (Gr. 5) |
| | Mnr. Hennie Botha (Adjunkhoof) |
| 6 Febr.: | Mnr. Arthur Williams (Gr. 5) |



# ANDER

Ouers moet asb. kennis neem dat die A/B-oefengroepe in rugby en netbal reeds besig is met voorbereiding vir die komende vakansietoere. Hierdie oefening vind na-ure plaas omrede atletiek, krieket en swem voorkeur kry hierdie kwartaal. Hierdie spanne is nog nie finaal gekies nie en sal eers na die toer gefinaliseer word.

C/D-oefengroepe sal begin met hul oefeninge sodra die interim buitemuurse rooster later in Februarie in werking tree.

# FINANSIES

Graag wil ons elke ouer wat getrou hul skoolfonds betaal, hartlik bedank. Dit help ons om ons maandelikse verpligtinge stiptelik na te kom.

**Skoolfonds en nasorggelde:**

Daar is 3 opsies vir betaling van skoolfonds:

1. Eenmalige betaling (R16 700) voor 1 Maart
2. EFT betaling R1 660 per maand voor die 7de van die maand (Febr-Des)
3. Debietorder betaling R1 530 per kind (Febr-Des)

**Nasorg gelde:**

R500 per maand (Febr – Des)

R5 500 per jaar (voor 1 Maart)

R1 375 per kwartaal (betaalbaar voor 7 Febr, 7 Apr, 7 Jul en 7 Okt)

**Debietorders:**

- Ons moedig ouers aan om die opsie van debietorder te oorweeg. Daar is korting van R130/maand of R1430/jaar.
- Skoolrekeninge en debietorders word per gesin opgestel.
- Bestaande debietorders is outomaties aangepas vir 2024.
- Stuur asb. 'n nuwe debietordervorm na die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) indien daar 'n nuwe boetie/sussie bygesit moet word of indien u bankbesonderhede verander het.
- Al die kinders wie ingesluit moet wees by die debietorder se name moet op 1 vorm ingevul word.
- Nasorggelde kan ingesluit word by debietorder.
- Nuwe debietordervorms kan steeds ingestuur word. Dit gaan dan vanaf Maart ingestel word.

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik sodat ons betalings korrek allokeer per skoolrekening. Kontak asb. die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) vir die korrekte verwysingsnommer van u gesin.

**Die skool se bankbesonderhede is as volg:**

Universitas primere skool
ABSA
Takkode 632005
Rekno 1570670200

# FOTO'S

Klas- en individuele foto's word op 8 Februarie 2024 geneem. Daar word weer vanjaar slegs pakkette verkoop @ R120.

Dit sluit in: 1 vergroting (15 x 22cm) + 1 jumbo (10 x 15cm) + 4 ID-foto's + 2 boekmerke met foto en die skoolwapen asook 'n klasfoto.

Daar word nie meer boetie / sussie-foto's of maatjie-foto's geneem nie.

Gebruik asseblief die Karri-Toep vir alle fotobestellings. Let wel: Geen kontant sal aanvaar word nie.

Betalings kan vanaf 5 Februarie 2024 op Karri gemaak word. Die sluitingsdatum vir alle bestellings is 16 Februarie 2024.

# REDENAARS

Neem asb. kennis dat die Gr. 6 & 7 Redenaars skuif van Dinsdag, 27 Februarie na Donderdag, 29 Februarie.

Baie dankie vir u begrip.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

*Ziggi, ziggi, ziggi*

*Hi, hi, hi*


*Ziggi, hi*

*Ziggi, hi*

*Ziggi, ziggy, ziggy,*

*hi, hi, hi*





Kom ons bou aan ons Tjokkiegees!!!
Kry 'n span, span-naam, snaakse en oulike spandrag en SKRYF in.

Skakel met Suzane by bemarker@tjokkies.co.za vir jou inskrywingsvorm.




## TENNIS

ELITE-PRO TENNIS ACADEMY

# Tjokkies Tennis Kampioenskap

9de & 10de Februarie 2024

Finaal met ouer braai (Muddplein Tennis Klub)

16de Februarie 2024

## R 50-00 P/Speler

**Sluitings datum 8 Februarie 2024** **Kostes betaalbaar deur Karri**




Inskryf via Whatsapp

(Graad + Geboorte datum – Speler Naam en Van )

Sherwan - 073 623 4865

*Excelling Beyond Perfection*

# VAN DIE MAMMAS WAT BID



Peter Marshall het eenmaal geskryf: "Wanneer ons wens vir 'n lewe sonder probleme, herinner ons dat elke groot eikeboom sterk groei in dwarswinde en diamante onder groot druk gevorm word".

Dit laat my dink aan Romeine 5:3-5 wat sê:

"...ons jubel selfs in ons swaarkry, want ons besef dat die swaarkry ons leer om te volhard. Op sy beurt kweek volharding betroubaarheid van karakter; en betroubaarheid van karakter versterk ons toekomsverwagting (hoop). En hierdie toekomsverwagting (hoop) sal ons nie teleurstel nie, want ons weet hoe lief God ons het. Hy het sy liefde mos in ons harte uitgestort deur sy Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."
ROMEINE 5:3-5 NLV

Ons gebed vir die hele Tjokkie-familie:

"Dankie Jesus dat U ons liefhet nes ons is, maar U los ons nie soos ons is nie. U is nie geïnteresseerd in ons gemak nie, U wil ons geloof en hoop sterker groei. Dit is hierdie geloof en hoop wat my help sterk staan wanneer die wêreld sy dwarswinde na my kant toe waai. Help ons Heilige Gees om te leer en te groei deur die swaarkry en om 'n wankelbare hoop te bekom."

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

**GEEN EFT INBETALINGS OP KAARTE WORD MEER ERKEN NIE. SLEGS BETALINGS VIA DIE SKAKEL NA DIE KAARTSTELSEL MAG GEBRUIK WORD.**

# SNUFFELS

expert Kloppers

www.kloppers.co.za
ecom@kloppers.co.za
051 400 5500

@KloppersSA

## Kloppers Marathon '24

33 years running

ACHILLES RUNNING CLUB BLOEMFONTEIN

10km Free State Championships
21km Trial forFree State 42km Team

## Saturday 10 Feb 2024

Comrades & Two Oceans Qualifier

| 42.2KM R250 | 21.1KM R180 | 10KM R130 | FUN run/walk 4.8KM R50 | New Beginnings Donation R50 |
|---|---|---|---|---|
| Starts 05:30am | Starts 05:45 | Starts 06:00 | Starts 06:15 | New Beginnings Striking at the Roots |
| ASA Licence needed | ASA Licence needed | ASA Licence needed | + Finishing MEDAL | |

( 2023 ASA licences are still valid or purchase a temporary licence for R50 )

**Fun Games & Prizes for Fun runners/walkers, Medals for those who finish, Eats & Treats**

Schools keeps a share of the profits for tickets sold

for more info **082 440 4229**

### How te enter:

| scan | online | Achilles Club | In-store |
|---|---|---|---|
| | eventenry.co.za /events/2024-3 | Wednesdays from 17:30 C/O Att Horak & Parftt | Loch Logan Waterfront Monday-Saturday |


Gr. 1-7
Ekstra Klasse
Kry
50% af
Eerste klas is 50% af,
asook wanneer jy 'n maat
saambring
MATHEMATICS & SCIENCES
-ROCKET-
Wiskunde hulp
Taal hulp
Huiswerk hulp
Kontak 060 535 0652
vir meer inligting


ORANJE
VOORUIT
1907
OPEDAG
2024
Oranje
STAAN
saam
27 FEBRUARIE
10:00-13:00 | ML SPIESSAAL
Registreer en vind
volledige details by
www.bit.ly/opedag2024
of skandeer die QR-kode


mikaya
real estate
Happy
Valentine's Month
WILL YOU BE MY SELLER ?
SAY YES; BY WHATSAPP, EMAIL OR CALLING ME TO RECEIVE MY FREE GIFT - A PROPERTY VALUATION, MY HONESTY, INTEGRITY + SUPPORT
I WILL HELP + GUIDE YOU DURING THE ENTIRE PROCESS.
I WILL NEVER LEAVE YOU ON YOUR OWN AND SELL YOUR HOME, SO THAT YOU DON'T FEEL ALONE
BONUS GIFT - BOOK A FREE 1:1 YOGA SESSION FOR YOU + YOUR PARTNER/FRIEND FOR THE MONTH OF LOVE
EMAIL: WENDY@MIKAYA.CO.ZA
WITH ♡ WENDY 07 609 608 21


Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
RMI
miwa
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE